Sedert 1858

2019

Huis McFarlane

Hoërskool Gimnasium Paarl

This I'll defend · Ons huis, ons trots.

Superintendente:

Schalk de Wet - 074 3521 182 - sdw@paarlgim.co.za

Carina Momsen - 076 237 0000 - carina@paarlgim.co.za

ontvangs@gimkoshuise.co.za · 021 872 3870

www.gimkoshuise.co.za

Inhoudsopgawe

DIENSPERSONEELLEDE 3

DAGPROSEDURE IN HUIS MCFARLANE 4

REËLS/ REËLINGS VAN HUIS MCFARLANE 7

LEERDERS SE KAMERS 8
VERLAAT VAN KOSHUISTERREIN 8
NAWEEKREëLINGS 9
GEBRUIK VAN 'N SELFOON 9
DORPSDAE 9
PRIVAAT SPORT/ KULTUURLESSE/ EKSTRA KLASSE, ENS 10
WASGOEDREëLINGS 10
EETSAAL 11
ETES: ONTBYT, MIDDAG & AANDETE 11
LAAT ETES / VROEG ETES 11
AFDEKPROSEDURE 11
SIEKTE BY SKOOL/KOSHUIS 12
BESOEKERS AAN DIE KOSHUIS 13
VERJAARSDAE 13
KLEREDRAG 13
OOP- EN TOESLUIT VAN DEURE 13
ONTSPANNINGSAAL ..... **ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.**

KOSHUISREËLS EN DISSIPLINÊRE STELSEL 15

Dienspersoneellede

Seuns

Maandag	Jean Stemmet
Dinsdag	Ettienne van den Brink
Woensdag	Nico Momsen
Donderdag	Roelof van der Walt
Aflos	Abré van Heerden

Dogters

Maandag	Surindi Lombaard
Dinsdag	Lize Nortier
Woensdag	Rozanne Human
Donderdag	Amanda van der Merwe
Aflos	Anso Smith

Ontvangs & algemene administrasie:

Marieta Dayson	ontvangs@gimkoshuise.co.za
Ilze Stoman	ilse@gimkoshuise.co.za

Vir korrespondensie wat oor u kind se aktiwiteite handel wat buite die terrein van die skool plaasvind, moet vir Marieta Dayson per e-pos voor 14:30 kontak. Dienspersoneellid moet hierdie inligting die betrokke dag hê.

Vervoerreëlings vir leerders wat met bussie na lughawe en / of bushalte gaan, moet aan Ilze Stoman gerig word.

DAGPROSEDURE IN HUIS MCFARLANE

OGGEND

06:10 OPSTAANKLOK (X3)

HK-lid: Kontroleer of almal in sy/haar vooggroep opgestaan het.
Leerder: Staan dadelik op, gebruik badkamer en trek volledig aan (skoene/das/hare klaar), maak drommetjies leeg in groot swart drom en sit drommetjie in gang. Maak kamer netjies. Vee kamer uit indien nodig.

06:30 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

Besems by HK-lid / dienskamer beskikbaar indien nodig.
Reeds afgehandel:
Drom in gang / Kamer netjies /*Ten volle aangetrek (skoene/das/hare)*
Niemand weer terug onder kombers of in bed nie.

Sit op bed.

06:35 STILTETYD

HK-lid stap deur om kontrole te hou.
Leerders hou stiltetyd op jou eie, sit regop op jou eie bed (nie halflê nie), ten volle geklee. Geen selfoongebruik / geen gesels.
(Maandagoggende – nie stilte nie)

06:40 ONTBYT

Leerders stap direk na hul spesifieke tafel vir ete en gaan sit.

- **Geen selfoongebruik in eetsaal.**
- **Geen gekleurde tops/slippers gemeng met skoolklere**

Na ontbyt gaan leerders weer na kamers en maak gereed vir skool / nie weer terugklim in bed of onder kombers nie.

07:20 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

Verlaat koshuis

NB: Voordat jy finaal jou kamer verlaat sorg dat jou waardevolle items in kas toegesluit is en dat jou kaste te alle tye gesluit is – bewaar jou sleutel. Maak venster toe en skakel ligte af.

07:25 Almal uit die koshuis

HK-lid 1 aan diens kontroleer gange en maak seker almal is uit.
HK-lid 2 kontroleer netheid van leerders en help met kontrole.

MIDDAG

14:05 ETENSKLOK (X1)

Middagete is met volle skooldrag (soos wat jy van skool kom) (geen gekleurde tops/slippers gemeng met skoolklere)

Tafelhoofde (gr 11's) kontroleer wie nie by ete is, teken aan in boekie en meld dit by diensonderwyser aan.
Alle leerders moet teenwoordig wees met etes. Ekstra klasse begin eers na 14:30

15:00 – 17:00 STILTETYD

Leerders beweeg gedurende hierdie tyd nie in die gange of uit hul kamers nie. Leerders moet OF binne koshuis stil in hul kamers wees, OF buite betrokke by skoolaktiwtieite.
Groepkuiers in kamers, na musiek luister, iemand roep, of gesels in gange tydens hierdie stiltetyd wat vir studie- of rustyd gereserveer word, moet te alle tye respekteer word.

STORTTYE – NIE IN STILTETYD of NA 21:45 IN AAND NIE.
Waterbesparingsmaatreëls: Hierdie maatreël sal hoë prioriteit geniet.
Stort so vinnig jy kan / nie kuier in storte nie.

AAND

18:25 ETENSKLOK (X1)

19:00 WAARSKUWINGSKLOK vir studie (X2)
Kry nodige boeke en skryfgoed gereed en stap na vasgestelde studieplek.

19:05 STUDIEKLOK (X1)
Leerders mag nie vra om boeke te gaan haal nie – beplanning.
Gebruik van laptop tydens studie:
Slegs tydens eerste studie en tydens middagstudie vir take. Geen browsing / sosiale media of fliekkyk nie.
Almal (HK-lede ingesluit) se kamerdeure oop tydens studie.

20:05 Studiebreuk (X1)
Laat etes slegs tussen 20:05 en 20:30

Indien 'n leerder wil vroeër gaan slaap as gevolg van 'n sportbesering of siekte moet hy/sy toestemmingsbriefie by diensonderwyser kry wat op deur aangebring word vir latere kontrole.
Vroegslaap is die absolute uitsondering vir siekte en nie die gewoonte nie.

20:15 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

20:20 Studie se laaste sessie begin (X1)

21:20 Einde van studie (X1)

21:00 Deure van koshuis sluit. Geen leerder kuier in die voorportaal nie.

21:35 REGPAKKLOK (X1) – Kry kamer en kaste gereed vir inspeksie, kry jou goed gereed vir laatstudie, loop jou laaste draaie, besoek badkamer.
Geen gekuier by ander leerders nie; HK-lid doen aandkontrole, dus moet elke leerder in sy/haar kamer wees.

21:45 WAARSKUWINGSKLOK (X2)
Reeds in jou kamer. Kamer netjies. Kaste oop "spot checks". (kamerinspeksie)

21:50 STILTETYD (X1)

Sit op jou eie bed. Hou stilte op jou eie. Niemand praat nie. **Geen selfone**

22:00 LIGTE UIT (X1) – SIT LIGTE AF

Niemand verder in die gange nie, behalwe as jy dadelik studiesaal toe gaan vir laatstudie.
Eers 30 minute na ligte uit mag leerders badkamer besoek indien nodig.
Minimum studietyd vir laatstudie is 30 minute.**(Geen selfone)**
Laatstudie eindig 24:00
Beweeg saggies na laatstudie toilet toe (indien nodig), en dan na jou kamer.
Maak deure saggies oop en toe. Respekteer ander se slaaptyd.

Tye kan aangepas word soos skool- en koshuisprogram verloop.

Verkorte weergawe van dagprosedure en tye.

Klok	Aksie	Klok	Aksie
Maandag tot Vrydag		**Naweek**	
06:10	***Opstaanklok lui (3 lang luie)***	**Vrydag**	
06:30	***Waarskuwing (Twee kort luie)***	***14:05***	***Middageteklok lui***
06:35	***Stilte***	***14:30- 15:30***	***Detensie in studiesaal***
06:40	***Ete***	***17:45***	***Aandete***
07:20	***Waarskuwing vir uitstap na skool***	***22:00***	***Ligte uit***
07:25	***Almal uit koshuis***	**Saterdag**	
14:05	***Middagete***	***07:40***	***Opstaan***
14:10	***Ete***	***08:00***	***Ontbyt (Sportdae anders)***
15:00 – 17:00	***Stilte & studietyd***	***13:15***	***Middagete***
18:25	***Aandete***	***17:45***	***Aandete***
19:00	***Waarskuwing***	***23:00***	***Ligte uit***
19:05 - 20:05	***Studie 1***	**Sondag**	
20:05	***Studiebreuk & Laatete***	***07:40***	***Opstaan***
20:15	***Waarskuwing***	***08:00***	***Ontbyt***
20:20 - 21:20	***Studie 2***	***09:00***	***Kerkgangers***
21:35	***Regpak/Kontrole***	***12:15***	***Middagete***
21:45	***Waarskuwing***	***17:30***	***Aandete***
21:50	***Stilte***	***21:00***	***Voordeur sluit; alle leerders in koshuis***
22:00	***Ligte uit***	***21:30***	***Ligte uit***

REëLS/ REëLINGS VAN HUIS McFARLANE

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE

Indien enige leerder voel dat hy/sy deur enige iemand onregverdig behandel is, moet die leerder die vrymoedigheid neem om dit met enige prefek, diensonderwyser of superintendent te bespreek.

Indien ‘n leerder enige iets in die koshuis breek of gebreek vind, moet hy/sy dit dadelik by die diensonderwyser of superintendent aanmeld. Dit word in die onderhoudsboek opgeteken waarna dit aandag sal geniet deur die ondersteuningspan.
Indien ‘n leerder aandadig is***, sal die item vervang word en ‘n rekening vir die herstel aan die betrokke ouers gestuur word.***

LEERDERS SE KAMERS

Bêre waardevolle items, geld, ensonvoorts altyd in jou kas. Hou jou kas altyd gesluit indien jy nie in jou kamer is nie en bewaar die sleutels veilig.

Spaarsleutels kan by me Ilse Stoman bewaar word.

HOU JOU KAMER EN KAS ALTYD NETJIES

Niks mag op die vloer rondlê nie. Skoolklere en skoene hoort in jou kas.
Sportsakke toegerits en in jou kas.
Duvet netjies. Komberse moet opgevou en aan die onderpunt van die bed gebêre word.

Wasgoed moet in jou wasgoedsak geplaas word.
Nat klere word nie in vensters gehang nie. Gebruik relings in badkamer.

VERLAAT VAN KOSHUISTERREIN

1. Vir skool- en sportaangeleenthede (massadeelname), moet die leerders in die groepuittekenboek uitteken.
2. Dorpsdae (Dinsdae) word geen uit- of inteken vereis indien jy dorp toe gaan nie.
3. Gewone **en uitnaweke** moet die volwassene saam met wie jy die koshuis verlaat jou uit- en inteken (geen verskonings word aanvaar indien jy vergeet nie). Dis **jou verantwoordelikheid** om toe te sien dat jy reg uitgeteken is; NIE jou ouer of die persoon saam met wie jy ry nie.
4. Indien jy die koshuisterrein (tydens die week of naweke) moet verlaat, moet jou ouers ‘n faks of epos stuur na **(ontvangs@gimkoshuise.co.za)** waarin toestemming gegee word. Uit- en intekenreëls geld soos normaal.
5. Geen leerder mag in die week uitslaap nie- **tensy jou eie ouers** die nodige reëlings getref en jouself uitgeteken het. Hierdie reëlings geld nie om by ‘n vriend/vriendin ‘n aand te gaan oorslaap nie; dit word nie deur die koshuis toegestaan nie.
6. **Geen uiteet of partytjies in die week nie**.
7. Niemand mag buite die hekke van die skool gaan draf tensy ouers per e-pos toestemming gegee het nie. Draf buite die skoolterrein moet ook in volle skool sportdrag geskied; Area word beperk tot Checkers Noord en McDonalds.
8. Niemand mag die gimnasium in die dorp besoek tensy dit op Dorpsdag of Vrydag is nie.

NAWEEKREëLINGS

● VERVOERREëLINGS ANDERS AS GEWONE

Indien leerder vroeër moet vertrek, moet die tyd wat hy vertrek aan die koshuis per faks of e-pos gestuur word. Die nodige reëlings moet ook met die skool getref en skriftelike bewyse daarvan aan die koshuis verskaf word.
Geen leerder sal toegelaat word om vroeër as 14:00 by die koshuis in te gaan nie.

- Naweeklyste word Woensdagaande by voog HK-lid ingevul. Indien reëlings verander, moet dit voor **Vrydag eerste pouse** by mev. Ilse Stoman bevestig word.
- Indien jy nie na jou ouerhuis gaan nie, moet jou ouers faks of e-pos **(ontvangs@gimkoshuise.co.za)** om te bevestig waarheen jy gaan.

- Indien jou reëlings verander, reël met mev. Stoman en die diensonderwyser.

Die superintendent of diensonderwyser kan van tyd tot tyd ouers bel om te hoor of hul kind tuis is.

GEBRUIK VAN 'N SELFOON

Geen oproepe, sms'e of ander boodskappe mag gemaak of ontvang word tydens:

- Etenstye
- Studietye – ook laatstudie
- Stiltetyd
- Na ligte uit nie

Ingeval van nood moet ouers die koshuis skakel en hulle kan die opsie vir die superintendent gebruik op die telefoonstelsel.

Selfone word aan diensonderwyser oorhandig vir 48 uur of 45 punte word aangeteken indien hierdie reëlings nie gehoorsaam word nie.

DORPSDAE

Dinsdae en Vrydagmiddae word koshuisleerders die kans gegee om die dorp te besoek.
Leerders is ten volle in skooldrag geklee (seuns skoolbaadjie, dogters skoolbaadjies in die winter)
Leerders moet op hierdie dae eers ***middagete bywoon*** alvorens hul die terrein verlaat om dorp toe te gaan.

Leerders wat Dinsdag- of Vrydagmiddag detensie uitdien vanaf 14:30 – 15:30, kan eers daarna dorptoe gaan.

Leerders hoef nie uit- en in te teken nie, maar moet om **18:00** terug wees by die koshuis.

Beweeg indien moontlik in groepe van 4 of meer (moet nooit op jou eie in die dorp rondstap nie).

Dorpsmiddae is spesifiek bedoel om dorp toe te gaan; ***jy mag beslis nie by maats wat in die dorp woon se huise gaan kuier of in ander persone, behalwe jou ouers, se motors klim en saam met hul rondry nie.***

Geen leerder mag met ***sy eie motor dorp toe gaan nie***. Geen leerder klim op enige stadium by enige ander leerder in 'n motor nie. Geen leerder klim by enige persoon in 'n motor tensy dit per faks of e-pos deur jou ouers gereël is nie.

Dorpsmiddag is 'n voorreg en nie 'n reg nie.

PRIVAAT SPORT/ KULTUURLESSE/ EKSTRA KLASSE, ENS

Musiekleerders mag in die middag en **slegs tydens eerste aandstudie** in musiekklasse gaan oefen.
Geen leerder mag aan enige privaat sport/ enige privaatlesse deelneem voordat daar nie aansoek gedoen is by die superintendent en hy/sy die goedkeuring gegee het nie. Geen leerder mag die koshuisterrein vir privaat sport, kultuur of akademiese klasse, ens verlaat voordat dit nie per faks/briefie/e-pos deur jou ouers met die superintendent **vooraf** gereël is nie. (E-pos **ontvangs@gimkoshuise.co.za**)

Alle leerders moet 20:00 reeds terug in die koshuis wees – geen privaatklasse kan na 20:00 plaasvind nie.

Die uit- en intekenboek geld beslis in bogenoemde gevalle.
Die drag is in al bogenoemde gevalle **volle skooldrag** of 'n **volledige skoolsweetpak.**

WASGOEDREëLINGS

Leerders se klere moet duidelik gemerk wees.
Elke kind het 'n wasgoednommer.
Plaas die wasgoedsak op die volgende dae **voor skool** in die trollies voor die washuis.
Maandagoggend (seuns) / Woensdae kan dit weer afgehaal word.
Woensdagoggend (dogters) / Vrydae kan dit weer afgehaal word.

Washuistye:
Maandae tot Vrydae 07:00 -16:00

EETSAAL

Alle etes is verpligtend
Leerders stap eetsaal binne en gaan sit by vaste plek by eettafel.
Ons kom eet nie sonder skoene of plakkies nie.
Natgeswete vuil lywe en modderige klere word nie in eetsaal toegelaat nie.
Indien jy laat is, vra **eers verskoning** by die **dienstafel** voor jy gaan kos skep.

ETES: ONTBYT, MIDDAG & AANDETE

Soggens en middae eet almal in volledige skoolklere.

- **Dogters se hare is reeds netjies vir skool – geen los hare nie.**
- **Seuns moet reeds geskeer wees.**
- **Geen gewone tops of slippers word gemeng met skoolklere nie.**

Bly stil wanneer jy die eetsaal binnegaan.
Sit en wag tot na die tafelgebed gedoen is voordat jy enige bekers, koffie, melk of kos gaan haal.
Niemand verlaat die eetsaal voordat die HK-lid nie gedank het nie.

LAAT ETES / VROEë ETES

Leerders wat om die een of ander rede nie betyds gaan wees vir gewone etenstye nie, moet **vroegtydig** reël vir laat etes, en wel as volg:

Laat teken die vorm 48h voordat jy die vroeë ete verlang by mnr. Oberholzer waarna jy dit na die kombuis neem vir tannie Olivea De Waal of oom Koos Van der Westhuizen.
Indien dit ‘n vaste reëling is, word hierdie inligting eenmalig by die eetsaal se kennisgewingbord aangebring. Geen reëling – geen kos

Indien jy betyds terug is vir gewone etenstye, kanselleer jou ete by die kombuispersoneel.

Indien laat aandete verlang word, moet dit teen 14:15 by die personeelld by dienstafel in laateteboek aangemeld word.

AFDEKPROSEDURE

NB: Indien daar nie geeët is aan voedsel bv. heel sny brood/rolletjies of boereworsrolle, moet dit nie weggegooi word nie. Los dit in ‘n bord op die tafel.

Vuil borde word uitgekrap in die swart drom met magneetdeksel. Enige plastiek word in ‘n plastiekkom gegooi wat langs die swart drom staan.

Breekware en eetgerei word by die uitgangsdeure neergesit. Messe, vurke en lepels word in swart uitkrapbakke, wat met water gevul is, geplaas.

Borde en bakkies word op groot trollie (soort by soort) geplaas.

Alle konfytpotjies, smere, melkkanne, koeldrankbekers, ensovoorts word afgedek tot op die opskeptafels by die dogterskant. Elke tafel is verantwoordelik vir sy eie skoonmaak en netheid.

GEEN eetgerei mag uit die eetsaal geneem word nie.

SIEKTE BY SKOOL/KOSHUIS

Sou u kind tuis siek word moet die koshuis/ skool in kennis gestel word.

NB: Moenie siek kind by die koshuis aflaai nie, dit hou gesondheidsrisiko's vir die res van die leerders in.

SKOOL-

Meld by Tannie Hanlie Myburgh aan (sy sal al die nodige reëlings deurgee)
Sou u kind hospitaal/dokter toe moet gaan, sal die nodige vervoer gereël word.

KOSHUIS-

Word voor ontbyt aangemeld by voogprefek of dienspersoneel.
Indien ernstig, word die ouers onmiddellik in kennis gestel.
Die leerder word so gou as moontlik na Medi-Cross/ Medi-Clinic geneem.
Dit word ook by mev. Marieta Dyason vir verdere administratiewe reëlings aangemeld.

Minder ernstige gevalle word by mev. Stoman aangemeld. Sy verwittig die skool, bel die ouers indien nodig.

Leerders word slegs toegelaat om by die koshuis te bly indien hulle dokter toe gaan en afgeboek word of reeds medikasie van 'n dokter het.
Bussie ry ***soggens 8:00***.

Sou u verkies om u kind te kom haal, moet u net 'n faks of e-pos stuur na **ontvangs@gimkoshuise.co.za** sodat die superintendente kennis dra. Die nodige uit- en intekenreëls moet steeds nagekom word.

Die koshuispersoneel of koshuiskomitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige leerder wat die koshuis verlaat sonder hul medewete en verlof nie.

'n Mediese sertifikaat moet voorsien word indien u kind meer as twee dae nie in die skool is nie. In geval van toetse en eksamen moet 'n mediese sertifikaat voorsien word vir elke dag wat hy/sy nie eksamen skryf nie.

NB: Leerders wat soggens in die koshuis bly weens siekte, mag nie middae die koshuis verlaat vir enige sport of ekstra klasse nie.

BESOEKERS AAN DIE KOSHUIS

Geen besoekers word in die kamers en in die eetsaal toegelaat nie (slegs buite en in die voorportaal)

Geen besoek (ouers ingesluit, tensy gereël met diensonderwyser) tydens stilte-, etens-, studietye of na ligte uit nie.

Geen dame mag in seunskant of man mag die dogterskant binnegaan nie, behalwe aan die **begin en einde** van ‘n kwartaal. (al is dit die pa of ma)

VERJAARSDAE

Indien jy verjaar, mag **slegs jou ouers jou uitneem** vir die middag/aand, indien hul betyds met die superintendent reël. ***Geen koshuismaats sal toegelaat word om saam te gaan nie***, behalwe op ‘n dorpsmiddag en indien hulle ouers vooraf toestemming gegee het per faks of e-pos.

Jy sal nie toegelaat word om dorpsleerders se partytjies gedurende die week by te woon nie.

KLEREDRAG

Indien ‘n leerder die koshuis gedurende die week verlaat vir enige aktiwiteite buite die terrein moet hy of sy geklee wees in volle skooldrag of volle sweetpak.

NAWEKE, UITNAWEKE, EINDE EN BEGIN VAN DIE KWARTALE

Indien ‘n leerder die koshuis verlaat moet die leerder geklee wees in **volle skooldrag of gewone drag**. **Nie ‘n mengsel van die twee nie.**

Indien ‘n leerder eers op ‘n Maandagoggend terugkeer na die koshuis, moet hul ten **volle geklee wees in skooldrag**. Kamer moet ook in ‘n netjiese toestand gelaat word.

OOP- EN TOESLUIT VAN DEURE

WEEKSDAE

Indien jy die koshuis vroegoggend wil verlaat om te gaan oefen, moet jy dit die vorige aand met die diensonderwyser reël.

Deure sal om **05:30** oopgesluit word. Deure sluit weeksdae om **21:00**.

NAWEEKTYE

Sportspanne wat op ‘n Saterdagoggend vroeg moet vertrek, moet op Vrydae met die diensonderwyser reëlings tref ten opsigte van etes en die oopsluit van deure.

Deure word om **7:30** oopgesluit en om **20:00** gesluit.

Leerders mag Saterdag dorp toe gaan. *Die groep-uittekenboek word gebruik en dienspersoneel moet toestemming gee.* Leerders wat op ‘n Saterdagaand wil gaan fliek moet hul reëling tydens aandete tref met die dienspersoneel. Slegs vroeë vertonings mag bygewoon word.

UITNAWEKE

Vrydae sluit die deure om **16:00** en Sondae sluit die deure om **16:00** oop.

VOERTUIE OP DIE TERREIN

Leerders kan voertuig by die skool gebruik en wel op die volgende voorwaardes:

- Ouers moet **skriftelik aansoek doen en verduidelik** waarom die leerder ‘n voertuig op die terrein moet hê. Hierdie versoek moet per e-pos aan mnr. Andre Oberholzer (andre@paarlgim.co.za) gerig wees.
- Ouer moet die skriftelike toestemming ontvang en die nodige vorm invul alvorens die leerder die voertuig op skoolterrein kan gebruik.
- Leerders mag onder geen omstandighede enige leerders in hulle voertuie oplaai of vervoer nie.

Voertuiggebruik op die perseel is onderhewig aan die skool se bepalings. Leerders wat ‘n voertuig op die skoolterrein gebruik, moet dit met groot verantwoordelikheid hanteer.

KOSHUISREËLS EN DISSIPLINêRE STELSEL

1. INLEIDING

1.1 Hierdie reëls is opgestel deur die Beheerliggaam se Koshuis Dissiplinêre Komitee ("KDK") van die skool en het ten doel die bevordering en handhawing van 'n ordelike en gedissiplineerde omgewing in die skoolkoshuis tot voordeel van alle leerders en personeel. Hierdie stel reëls sluit in die reëls soos uiteengesit in die skool se Gedragskode.

1.2 Leerders en hulle ouers/voogde moet deeglik op hoogte wees van alle reëls en die dissiplinêre stelsel van toepassing in die skoolkoshuis (welke ook beskikbaar is op die skool se webwerf en op aanvraag).

1.3 Wanneer 'n leerder se aansoek om toelating tot die koshuis toegestaan word, word dit gedoen onderhewig aan hierdie reëls en dissiplinêre stelsel en die leerder en sy/haar ouers/voogde aanvaar die inhoud hiervan en onderneem om die bepalings daarvan na te kom.

2. OORTREDINGS EN PUNTESTELSEL

2.1 Die KDK het 'n lys van oortredings opgestel wat gekodifiseer is en het aan elke sodanige oortreding 'n negatiewe punt toegeken wat deel vorm van die dissiplinêre puntestelsel.

2.2 Die dissiplinêre puntestelsel bevat sekere strafbepalings soos hieronder uiteengesit.

2.3 Die lys van oortredings en meegaande negatiewe punt is soos volg:

Die puntestelsel vir oortredings berus op die basis van drie waardes: Respek, Verantwoordelikheid, Stiptelikheid en 'n ekstra afdeling, Wangedrag.

RESPEK:

Laat vensters oop oor naweke	5
Kamer / Bed / Bedkassie / Boekrak / Drommetjie onnet / Nie uitgevee / Kaste staan oop	5
Elektriese apparaat aangeskakel terwyl vir langer tydperke uit kamer is	5
Kru Taal (minder ernstig)	5
Steurende gedrag	10
Nie geskeer nie/ Hare te lank/ Verkeerde kleredrag / Grimering met skooldrag	10
Rondloop, raas of praat/musiek te hard /Kuier tydens stiltetyd,studie, na ligte uit	15

Balspele/Stoei/Speel/Hardloop in gange, kamers of sale of gedurende stilte of studie	15
Eetgerei/Melk/Smere in kamer (kombuis se eiendom /Neem eetgerei uit eetsaal)	15
Gooi voorwerpe by venster uit	15
Ontwrig studiesaal-/eetsaal-/laatstudieprosedure	15
Gesels terwyl personeel / HK-lid praat	15
Wangebruik van elektroniese, elektriese of ander koshuistoerusting	15
Dop / Natgooi van beddens (sonder leerders)	15
Vryery in openbaar	15
Kattekwaad	20
In ander leerders se kamer terwyl hul nie teenwoordig is nie	20
Plak van voorwerpe/prente teen mure/ vensters /aansteekborde/ plafonne/geverfde oppervlak	20
Intimidasie / Afdreiging	30
Gebruik 'n ander leerder se besittings sonder toestemming	30
Leuens, oneerlik	45
Uittartende, onaanvaarbare gedrag/ Arrogansie (Swak dissipline) / Uitdagend	45
Vloek, ernstige onaanvaarbare taalgebruik / Die persoon vloek	45
Minagting, disrespek	45
Ander:	

STIPTELIKHEID:

Gaan na badkamers/toilette na stilte/ligte-uit (binne 30 minute en sonder toestemming)	5
Laat vir: stilte/ studie / ete / strafsitting / uit koshuis vir skool	5
Stort op verkeerde tye (sonder toestemming)	5
Laat slaap/ vroeër slaap sonder toestemming	5
Nie op plek tydens studie	10
Laat terug in koshuis uit dorp/Laat ingekom	15
Eet, drink tydens studietyd/stiltetyd	15
Ander:	

VERANTWOORDELIKHEID:

Versuim om pligte as prefek na te kom	15
Draf buite die skoolterrein sonder toestemming/toesig	15
Nie in skool- of sportdrag in dorp/ of vir enige ekstra klasse / onvolledige skool- of sportdrag	15
Afwesig (sonder toestemming) tydens ete/ studie/vergadering / middagdetensie	15
Uittekenreëlings nie volgens koshuisreëls nie	15
Onwettige toerusting in kamers(yskas, ketel, dompelaar, staafverwarmer)	30
Versuim om aanvaarbare reëlings te tref t.o.v afwesigheid uit koshuis	45
Kuier deur vensters	45
Gebruik van selfoon, rekenaar, tablet teenstrydig met koshuisreëls	*Oorhandig/ 45
Slaap nie in koshuis - sonder toestemming van ouers / geen kennis aan koshuis	90
Onwettige verlaat/betree van koshuis	90
Ander:	

* Oorhandig selfoon vir 48h of 45 punte

WANGEDRAG:

Teenwoordig by gebruik van alkohol, narkotiese en of nikotienverwante middels	45
Onwettige betreding van eetsaal/kombuis/koshuis (bedags)	45
Moedswillige beskadiging van eiendom	45
Vandalisme	90/S
Vervalsing (telefoonoproepe, fakse, briewe/e-pos, handtekeninge, sms, whatsApp)	90
Gebruik vervoer verskaf deur ander party as ouers of koshuisvervoer sonder toestemming	90
Gooi klappers deur vensters / in gebou	90/S
Viktimisasie, intimidasie, baklei, opsetlike besering	90/S
Dop leerders	90/S
Onwettige gebruik van brandtoerusting/nooduitgang	90/S

In besit van onwelvoeglike materiaal / pornografie / ernstige onwelvoeglikheid	90/S
Inbreek / uitbreek / oopdwing van deur of vensters	90/S
Vervalsing : Afdrukke/kopieë van sleutels, scanners maak / peuter met slotte / handtekeninge	90/S
Skuldig aan wangedrag (buitengewone prov koerant 31-10-1997)	135/O
Besoeke van seuns/dogters aan dogters/seunskant	135/O
Diefstal	135/O
Fisieke / geweldadige aanranding	135/O
In besit van vuurwapens of enige ander skadelike wapen	135/O
Gebruik / in besit van enige nikotienverwante-, narkotiese-, alkoholiese middele of –apparate	135/O
Ander:	

S – Skorsing vir tydperk

O – Opskorting van koshuisinwoning

1. STRAFMAATREËLS

1.1 Die volgende strafmaatreëls sal geld en toegepas word wanneer ‘n leerder hom/haar skuldig gemaak het aan oortredings en die ontvangs van negatiewe punte:

15 Punte	Weeksdagdetensie
45 Punte	Kamerdetensie/Naweekdetensie (verskyn voor superintendent + ouers word in kennis gestel)
90 Punte	Verskyn voor Koshuishoof en KDK + ouers word in kennis gestel
135 Punte	Verskyn voor Koshuishoof en KDK + ouers word in kennis gestel. Heraansoek vir koshuisverblyf

.

- Vir elke 15 punte verdien : Weeksdagdetensie

1.2 Indien ‘n leerder 90 of meer punte teenoor sy/haar naam het, behou die KDK die reg voor om een of meer van die ondestaande tot uitvoer te bring:

1.2.1 Dien straf toe aan die leerder; of

1.2.2 Verwys na die koshuiskomitee se dissiplinêre komitee vir dissiplinêre optrede; of

1.2.3 Skorsing

1.3 In geval van verwysing in terme van paragraaf 1.2.2 hierbo, kan die KDK se dissiplinêre komitee enige van die volgende stappe neem:

1.3.1 ‘n Gepaste straf toedien; en/of

1.3.2 Die leerder en sy ouers/voogde in kennis stel dat die leerder heraansoek moet doen vir toelating tot die koshuis vir die volgende akademiese jaar; of

1.3.3 Opskorting van koshuisinwoning

❖ WEEKSDAGDETENSIE

- Kennis oor detensie sal betyds aan die leerder deurgegee word na ‘n gesprek met die superintendent.
- Detensie vind die daaropvolgende Vrydagmiddag vanaf 14:30 tot 15:30 plaas in die studiesaal met die nodige toesig.
- **Vervoerreëlings moet dus betyds getref word en sal nie as verskoning aanvaar word nie. (GEEN onskuldige leerder sal ooit detensie hoef by te woon nie)**
- Indien ‘n leerder in die hoogste uitsondering nie detensie kan bywoon nie, moet die so spoedig moontlik – nie later as die Maandag wat die detensie voorafgaan nie – met die koshuishoof gereël word.
- Skooldetensie vind ook op Vrydagmiddae plaas. Indien dit met koshuisdetensie oorvleuel, kry skooldetensie voorkeur. Sodanige koshuisdetensie sal dan ook oorstaan tot die daaropvolgende Vrydagmiddag.
- Die volgende is verbode tydens detensie:
    - Boeklees
    - Tuiswerk
    - Slaap
    - Selfoon
    - Gesels
    - Eet/drink
- Indien ‘n leerder nie opdaag vir detensie nie, sal hy/sy volgens die puntestesel ‘n verdere 15 punte verdien. Die detensie waarvoor daar nie opgedaag is nie sal dan op die daaropvolgende datum uitgedien moet word.

❖ KAMERDETENSIE

Kamerdetensie kan op diskresie van superintendente aangewend word.

Ouers sal telefonies/skriftelik dienooreenkomstig ingelig word.

GEEN uitstel van ‘n kamerdetensie sal toegelaat word nie.

Algemene reëlings:

1. Die tydperk en die datums van die kamerdetensie sal deur die superintendente met die betrokke leerder ooreengekom word.

2. Oortreder mag slegs vir die volgende aktiwiteite sy/haar koshuiskamer verlaat:

- Skoolbywoning.
- Georganiseerde sportwedstryde/kultuuroptredes waar die betrokke leerder die skool verteenwoordig. (LW: NIE OEFENINGE NIE)
- Etes van die koshuis.
- Besoeke aan die toilet (twee keer tussen etes). (Indien ‘n leerder uit nood meer as die 2 keer die toilet moet besoek, moet dit met die betrokke dienspersoneel gereël word).
- Besoeke aan die badkamer vir stortdoeleindes (een keer soggens en een keer saans tot ‘n maksimum van 15 minute).
- Studie (indien die leerder op ‘n ander plek as in sy/haar kamer studeer).
- Koshuisvergaderings aan die einde van studie.
- Op versoek van die superintendent of dienspersoneel.

3. Selfone, simkaarte en ander elektroniese apparate:
    - Word by die dienspersoneel van die betrokke dag wanneer die detensie begin ingegee wanneer die leerder na skool by die koshuis arriveer en weer teruggegee om 22:00 van die dag waarop die kamerdetensie eindig.
    - Die betrokke onderwyser sal die foon/toestelle veilig in die kluis in die kantoor bewaar.
    - Die leerder kan een keer per dag vooraf met die betrokke onderwyser reël om sy/haar ouers te skakel. Hierdie oproep kan privaat plaasvind en wel in die kantoor.

❖ NAWEEKDETENSIE

- ✓ Kennis oor detensie sal betyds aan die leerder deurgegee word na ‘n gesprek met superintendent.
- ✓ Naweekdetensie strek **vanaf ‘n Vrydag 14:30 tot ‘n Maandagoggend na ontbyt. Deure sluit Sondagaand 21:00. Die leerder mag dus nie die koshuis om 21:00 verlaat nie.**
- ✓ Reëlings moet dus betyds getref word. (GEEN onskuldige leerder sal ooit detensie hoef by te woon nie)
- ✓ Indien ‘n leerder in die hoogste uitsondering nie detensie kan bywoon nie, moet die so spoedig moontlik – nie later as die Maandag wat die detensie voorafgaan nie – met die koshuishoof gereël word.
- ✓ Leerders mag nie die koshuis verlaat nie, behalwe vir amptelike skool- of sportverpligtinge en kerk op Sondagoggend.

Algemene reëlings:

1. Rapporteer by die diensonderwyser tydens Vrydagmiddagete.
2. Leerders moet elke uur inteken op die voorbereide lys.
3. Leerders word beperk tot hul kamer, eetsaal en badkamer.
4. Kuier in kamers word nie toegelaat nie.
5. Die HK-lid en onderwyser sal op gereelde basis die tye en inteken kontroleer.
6. Oortreding van reëls sal lei tot ‘n volgende naweekdetensie.